Hoofstuk 11 Hud, boodskapper aan die mense van Ad / Surah Hud

Die inhoud van hierdie Hoofstuk, spesifiek vers 112 was so ontstellend en angswekkend dat dit die Profeet gryshare gegee het

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alif, Lam, Ra. Hierdie Koran is 'n boek waarvan die verse vasstaan en tot en met die Oordeelsdag nie herroep sal word nie, wat duidelik uiteengesit is deur 'n Wese wat Alwys is, en Alombewus is,

2. eerstens met die opdrag dat julle niemand anders as Allah sal aanbid nie, in opdrag Van- en namens Wie ek, Mohammed, julle waarsku en aan julle goeie nuus bring,

3. en tweedens dat julle vergifnis sal vra van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer waarna julle, julleself na Hom toe sal keer in berou. Hy sal julle dan voorsien van die goeie om te geniet hier op aarde vir 'n vasgestelde tyd, en in die Hiernamaals waartydens Hy ook as 'n bykomende guns die Paradys sal skenk aan almal wat uitmuntend is.* Maar indien julle, julle rug op hierdie goeie raad keer, dan is ek bevrees dat julle die straf van 'n groot dag, die Oordeelsdag, sal ervaar. (*K16:97, K71:11)

4. Hoe julle dus ook al kies om te lewe, hou net in gedagte dat alle mense na Allah moet terugkeer en Hy het mag oor alles.

Mens kan nie dit wat in jou hart is vir Allah wegsteek nie

5. Pasop, die ongelowiges en diegene wat voorgee wat hulle nie is nie, probeer om hul vyandigheid en ware gevoelens teenoor die Profeet op allerhande maniere vir Allah wegsteek. Pasop wanneer hulle van hulle klere 'n bedekking vir hulle ware identiteit en bedoelings maak. Allah weet egter wat hulle wegsteek en wat hulle ontbloot. waarlik, Hy is Alwetend van wat in mense se harte is.

Onderhoud of Lewensmiddele

6. Daar is geen skepsel op aarde vir wie die verantwoordelikheid vir die verskaffing van die lewensmiddele wat mens of dier nodig het, nie by Allah lê nie. So waar die mens of die dier ook al beweeg of te sterwe kom, dit alles is aangeteken in die duidelike boek: die Goedbewaarde Tablet waarin alle besonderhede aangeteken is.

Die hoof skeppingsdoel was om die mens te kan Toets

7. En Hy is die Een wat die hemele en die aarde in ses dae geskape het*. Voor die skepping was Sy Troon op die water. Die hoofdoel van die skepping was sodat Hy julle kan toets teneinde te bepaal wie van julle is beter ten opsigte van die kwaliteit van die goeie dade wat julle doen. Mohammed, en indien jy die ongelowiges sou inlig oor die opstanding uit die dood deur te sê: “Julle sal nadat julle dood is weer lewendig gemaak word en uit die grafte uitkom” dan sal die ongelowiges nie 'n woord daarvan glo nie en sê: “Hierdie is niks anders nie as suiwer towerkuns.” (*K41:9-12)

8. En as Ons nou nog hulle straf vir 'n ruk terughou ook, dan sal hulle uitdagend sê: “Wat hou die straf terug?” Pasop, op daardie dag wat hulle straf uiteindelik kom, sal dit nie omgekeer kan word nie en hulle sal heeltemal oorval wees deur juis dit waarmee hulle gespot het.

Verse 9 tot 11 verwys na 'n slegte instinktiewe gewoonte van die mens, en vermaan Moslems om daarteen te waak

9. wanneer Ons ook, nadat Ons vir 'n tydperk genade aan hulle betoon het en hulle die voordele daarvan ervaar het deurdat dit met hulle goed gegaan het, en Ons dit dan onttrek, dan raak die mens geheel en al desperaat en ondankbaar.

10. En net sodra dit weer met die mens begin goed gaan en hy die voordele van die gemak ervaar nadat hy gely en swaargekry het, dan sal die mens sê: “Die swaarkry is verby, nou kan dit nooit weer met my sleg gaan nie.” En dan raak hy selftevrede, arrogant en triomfantlik.

11. Diegene egter wat hierdie swak menslike eienskap oorwin het deur selfbeheersing, is hulle wat in swaarkrytye geduldig voortgaan om die goeie te doen en gehoorsaam en gelowig te bly. Vir hulle is daar vergifnis en 'n groot beloning.

Die absurde vereistes van die Veelgodedienaars het die Profeet hartseer gemaak

12. Die Veelgodedienaars van Mekka het 'n hele klomp vereistes wat hulle aan jou stel*, Mohammed, wat daarop neerkom dat jy van dit wat aan jou geopenbaar was, sal verloën en opgee teneinde hulle te akkommodeer en dan besef hulle nie eers hoedat jy tot in jou hart toe daaroor ontsteld sal wees nie, want hulle sê ewe neerhalend: “Hoekom is 'n waardevolle skat nie aan hom beskikbaar gestel vanuit die hemele nie, of hoekom het 'n engel nie aan hom verskyn nie?” Moenie ontsteld wees nie Mohammed, vir hulle is jy maar net 'n waarskuwer. En Allah sien om na alles. (K10:15)

13. Wat! Beweer die Veelgodedienaars en die Ongelowiges dat jy die geopenbaarde woorde en boodskap van die Koran gefabriseer het? Sê vir hulle: “Nou goed, as julle dink dit is moontlik dat Mohammed kon fabriseer , fabriseer julle dan nou self tien soortgelyke hoofstukke. En kry enigiemand anders as Allah om julle te help, sodat ons kan sien of julle reg is.”

Hoofstuk 11 Hud, boodskapper aan die mense van Ad / Surah Hud

Die inhoud van hierdie Hoofstuk, spesifiek vers 112 was so ontstellend en angswekkend dat dit die Profeet gryshare gegee het

14. So, indien hulle dit nie regkry nie, wees dan verseker dat die Koran geopenbaarde was met die kennis van Allah en dat daar geen ander god as Hy is nie. Onderwerp julle, julleself hieraan? (*K2:23)

Die goeie dade van nie-Moslems sal ten volle op hierdie aarde beloon word

15. Diegene wat hierdie aardse lewe en die mooi daarvan najaag, Ons sal hulle hier ten volle vergeld vir hulle dade, en hulle sal ten volle ontvang wat hulle verdien het.

16. Hulle is die mense vir daar niks meer in die Hiernamaals is nie, as die Vuur. Dit wat hulle hier so hard voor gewerk het en die goeie wat hulle gedoen het, is in die Hiernamaals egter vir hulle van nul en gener waarde.

17. Maar wat van diegene wat die duidelike weg van die Wet wat Allah deur Moses gegee het navolg, en waarlik daarin geglo het, maar nie die Koran wat deur die Boodskapper Mohammed van Allah af ontvang en aan hulle voorgehou was, wil navolg nie al was dit ook as 'n Gids en Genade geopenbaar soos die Wet van Moses? Wie dus ook al dit nie glo nie, of hulle nou Jode, Christene, of ongelowiges is, wie ook al deur die Koran bereik word en hulle glo dit nie*, die Vuur is hulle beloofde plek. Moet dus nie daaroor twyfel nie. Waarlik dit is die waarheid vanaf jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer en meeste mense glo dit nie. (*K6:19)

18. Wie kan meer sondig wees as iemand wat 'n leuen oor Allah bekook.? Hulle sal voor hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer gebring word, en die getuies sal sê: “Hier is die mense wat leuens oor Allah vertel het.” Pasop, die vloek van Allah is op die sondaars,

19. diegene wat ander weerhou om op die Weg van Allah binne die Wil van Allah te lewe en allerhande foute daarmee vind. Hulle, ja hulle, is die ongelowiges in die Hiernamaals.

20. Hulle was nie daartoe in staat om Allah se plan op die aarde enigsens te beinvloed of te verhoed nie, en hulle het geen ondersteuners gehad nie: hulle enigste ondersteuner, Allah, het hulle nie in geglo nie.

21. Hulle is die mense wat verlies oor hulleself gebring het, en verlore vir hulle was alles wat hulle vir hulleself gefabriseer het.

22. Hulle is sonder uitsondering die slegste verloorders in die Hiernamaals.

23. Diegene egter wat glo en die goeie doen en hulleself verootmoedig en nederig voor Allah stel: hulle is die mense van die Paradys. Daar sal hulle vir ewig bly.

24. 'n Mens kan die ongelowiges en die gelowiges is byvoorbeeld vergelyk met die volgende twee groepe mense: die een groep is blind en doof en die ander groep horende en siende. Is die twee groepe dieselfde wanneer hulle vergelyk word? Sal jy steeds nie ag slaan nie?

Noag

25. En Ons het vir Noag na sy mense toe gestuur om vir hulle te sê: “Ek is vir julle 'n duidelike waarskuwer,

26. dat julle niemand anders as Allah moet aanbid nie, want ek is om julle onthalwe bang vir die straf van 'n pynlike dag.”

27. Maar die leiers van sy volk, wat nie geglo het nie, het gesê: “Ons kan sien dat jy niks anders is nie as maar net 'n mens soos ons, en nie dat jy enige buitengewone eienskappe soos die van 'n engel het wat van jou 'n boodskapper van Allah kan maak nie. En ons sien ook dat niemand anders jou volg nie as maar net die laagste klas mense tussen ons met oppervlakkige menings. Ons dink ook nie dat jy enigsins beter as ons is of ons meerdere is nie: inteendeel ons dink julle is leuenaars.”

28. Toe sê Noag: “Ag my volk, sê vir my: as ek nou 'n duidelike opdrag van Allah het om die Boodskapper vir julle te wees, en Hy, Sy genade aan my betoon het deur my as mens na mense toe te stuur, maar dit is nie vir julle so duidelik nie omdat Allah dit vir julle weggesteek het, sal ons dit nou op julle afdwing terwyl julle 'n afkeer daarin het?”

29. En hy sê: “My volk, Ek het van julle geen vergoeding geëis vir die Boodskap wat ek na julle toe gebring het nie. My vergoeding is by niemand anders as Allah nie. En ek mag nie enigiemand wat glo verhoed om te glo nie, al is hulle volgens julle van 'n laer klas. Waarlik hulle sal hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer ontmoet, maar ek kan sien dat julle 'n onkundige volk is.

30. En, my volk, wie sal my help teen die straf van Allah, as ek enigiemand wat wil glo verhoed om te glo. Wil julle steeds nie verstaan nie?”

31. Verstaan my mooi, ek sê nie dat julle die skatte van Allah by my sal vind nie, en ook nie dat ek kennis het van die ongesiene nie, en ook nie dat ek 'n engel is nie. Nog minder sê ek dat die gelowiges wie in julle oë veragtelik is nie deur Allah met die goeie sal beloon nie: Allah weet die beste wat in hulle harte is. Indien ek hierdie gelowiges sou verwerp, sal ek een van die sondaars wees.

Die inhoud van hierdie Hoofstuk, spesifiek vers 112 was so ontstellend en angswekkend dat dit die Profeet gryshare gegee het

32. Toe antwoord die leiers van die volk: “Ai Noag, jy het nou met ons rusie gemaak, en sommer baie ook. As jy die waarheid praat, bring dan nou dit waarmee jy ons gedreig het.”

33. Maar Noag antwoord hulle: “Slegs Allah kan dit oor julle bring, as Hy so wil, en daar is niks wat julle kan doen om Sy Wil te verander of te keer nie.

34. En wat meer is: al my goeie raad, maak nie saak watter goeie ek julle ook al toewens nie, sal julle niks baat indien dit die Wil van Allah is dat Hy julle op 'n dwaalspoor sal lei nie. Hy is julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en na Hom sal julle teruggeneem word.”

35. Sê hulle steeds dat hy dit vervals het? Sê vir hulle: “As ek dit vervals het, dan sal my sonde op my wees, en is ek vry van die sonde wat julle gedoen het.”

36. Verder was dit aan Noag geopenbaar dat geen een van sy volk ooit sou glo nie behalwe vir diegene wat alreeds geglo het: “So, Noag, moenie ontsteld wees deur dit wat hulle mee besig was nie.

37. En gaan bou jy nou 'n Ark onder Ons oë en volgens Ons openbaring. En moenie met My praat oor diegene wat die perke oorskry het: hulle sal verdrink word.”

38. Toe het Noag begin om die Ark te bou. En elke keer wat die leiers van sy volk daar verbygaan het hulle met hom gespot. Dan het Noag gesê: “As julle met ons spot, dan spot ons op dieselfde manier met julle:

39. So, julle sal binnekort weet op wie die straf gaan kom wat hom gaan verneder en wie die aanhoudende straf gaan ervaar.”

40. Uiteindelik het Ons opdrag gekom en die oppervlakte van die aarde het oorgeloop van water. Toe het Ons aan Noag opdrag gegee: “Laai in die Ark 'n paar van twee van elke soort saam met jou familie: behalwe vir diegene teen wie 'n Woord reeds gespreek was, asook diegene wat geglo het.” En daar was toe net 'n paar mense wat in Noag geglo het.

Reisetiket met enige vorm van Vervoer

41. Toe het Noag gesê: “Almal aan boord! Met die naam van Allah sal dit seil en anker gooi. Waarlik, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Meesvergewend, Baiegenadig ”

42. Toe het die Ark met hulle op die water met branders wat soos groot soos berge was. Noag sien toe sy seun wat op 'n stukkie grond gestaan het wat nog nie deur die watervloed bedek was nie en roep na hom met die woorde: “Ag my kind, kom aan boord saam met ons, en moenie een van die ongelowiges wees nie.” Maar sy seun het geantwoord: “Moenie oor my bekommerd wees nie Pa, ek sal skuiling vind op een van die berge waar ek veilig sal wees teen die water.” Maar Noag het weer probeer om sy kind te oortuig deur te sê: “Ag my liewe kind, vandag is daar niks wat jou sal kan red van die opdrag wat Allah gegee het nie: al wat jou vandag sal kan red, is indien Allah sou besluit om jou genadig te wees.” Skielik het die branders hoog opgerys tussen Noag en sy seun sodat Noag nie meer Sy seun kon sien nie en sy seun het verdrink.

44. Toe het Allah gesê: “Aarde, neem terug jou water en hemele hou op met reën.” Daarna het die water begin sak en die vloed was verby. En die Ark het tot ruste gekom op die deel van 'n bergreeks in Irak wat genoem word Judiyy en waarvan een van die ander dele bekend staan as Ararat. En Allah het gesê: “Vervloek is diegene wat verkeer gedoen het: hulle is verwerp vêr buite die genade van Allah.”

45. Toe het Noag na sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer geroep en gesê: “O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer my seun is deel van my familie, my gesin, en U belofte is sekerlik waar, en U is die grootste van alle regters.”

46. En Allah het Noag geantwoord en gesê: “Noag, dit is so dat jou seun deel van jou familie en jou gesin is. Maar dit is ook so dat hy a man is wat baie sonde gedoen het. So, moenie vir My iets vra waarvan jy niks weet nie. Ek leer jou nie sodat jy een van die onkundiges sal bly nie.”

47. Toe sê Noag: “My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ek soek beskerming by U daarteen dat ek van U iets gevra het waarvan ek niks weet nie. En indien U my nie vergewe nie en nie genade aan my betoon nie, dan sal ek een van die verloorders wees.”

48. Toe antwoord Allah: “Noag, klim nou met die vrede wat Ons julle gee van die Ark af en met seëninge op jou en op die nageslag van almal wat saam met jou is*. En daar is volke aan wie Ons vir 'n rukkie 'n mate van genot sal gee, waarna 'n pynlike straf van Ons af hulle sal tref.” (K37:37)

49. Mohammed, onder andere is van hierdie feite aangaande Noag deel van die ongesiene gebeure wat Ons aan jou openbaar. Nie jy of jou mense het voorheen hiervan geweet nie en dit is openbaar teneinde jou

Hoofstuk 11 Hud, boodskapper aan die mense van Ad / Surah Hud

Die inhoud van hierdie Hoofstuk, spesifiek vers 112 was so ontstellend en angswekkend dat dit die Profeet gryshare gegee het

Profeetskap te bevestig. So, wees geduldig met jou mense en die feit dat hulle jou verwerp. Waarlik, die einde is ten gunste van diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het.

Verse 50 tot 60 vertel die verhaal van Hud, die Boodskapper aan die mense van Ad

50. Na Ad toe het ons hulle broer Hud as Boodskapper gestuur. Hud het gesê: “My volk, julle moet Allah aanbid. Hierdie beelde wat julle vir julleself uit klip uit kap, is nie gode nie: julle het geen ander god as Allah nie. Julle is niks anders nie as mense wat leuens fabriseer en dinge versin.

51. My Volk, ek vra julle nie 'n vergoeding vir die boodskap wat ek aan julle bring nie. My beloning is by die een wat my geskape het. Verstaan julle dan glad nie?

52. En, my Volk, vra vergifnis van Allah vir julle ongeloof en die sonde van die verlede, en keer dan tot Hom in berou en met 'n onderneming vir die toekoms , sodat Hy die hemele kan vrystel om op julle uit te stort en so julle hongersnood verlig,en sodat Hy julle in fisiese en ekonomiese sterkte kan laat toeneem, en moenie wegdraai van hierdie boodskap af soos sondaars nie.”

53. Maar sy volk het hom geantwoord: “Hud, jy het vir ons geen bewyse gebring nie, en ons gaan nie net op grond van jou verklaring ons gode los nie: so ons sien geen rede om in jou te glo nie.

54. Al wat ons kan sê is dat ons glo dat jy kranksinnig geword het omdat jy waarskynlik deur van ons gode met een of ander boosheid getref is as gevolg van jou skadelike uitlatings oor ons gode. Maar Hud het geantwoord: “Allah is my getuie, en julle ook, dat ek niks te doen het met dit wat julle as gode naas Allah beskou nie.”

55. So, probeer dan nou maar julle plannetjies teen my, julle almal saam, en moenie enigiets terughou ter wille van my nie.

56. Ek plaas my vertroue in Allah, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer en julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Daar is geen skepsel wat Allah nie aan die kuif beetkry as hy hom verset nie. Waarlik, my Skepper, Voorsiener een Onderhouer is op 'n reguit weg, so wie ook al binne die Wil van Allah lewe sal Hom daar vind.

57. Nou, indien julle besluit om nie die boodskap te aanvaar nie en julleself daarvan wegdraai, weet dan dat ek reeds dit wat ek mee gestuur was aan julle oorgedra het. My Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal julle eenvoudig net verwyder en vervang met 'n ander volk, so julle kan Hom geen skade berokken deur nie by Sy planne in te val nie. Waarlik, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is voog oor alles en weet by implikasie dus alles van julle gedagtes en dade af.

58. Toe Ons opdrag dan kom, het Ons vir Hud en diegene wat saam met hom geglo het uit genade gered, en hulle 'n swaar straf gespaar.

59. Dit was dan die stam van Ad wat die boodskap en bewyse van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer verwerp het, wat nie gehoorsaam was aan hulle Boodskappers nie en die opdragte van 'n hardkoppige tiran nagevolg het.

60. En 'n vloek was op hulle geplaas: hulle sou hier tot en met die Oordeelsdag sonder en buite die genade van Allah wees. Let op! Die mense van Allah het nie in hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer geglo nie. Let op! Vervloek is Ad, die mense van Hud, wat van nou tot en met die Oordeelsdag buite en sonder die genade van Allah sal wees.

Verse 61 tot 68 vertel die verhaal van Salih, die Boodskapper aan die mense van Thamud

61. En na die mense van Thamud toe, 'n stam verwant aan Ad, het Ons hulle broer Salih as Boodskapper gestuur. Hy het vir hulle gesê: “My Volk, julle moet Allah aanbid.”Julle het geen ander god as Hy nie. Hy het julle van die aarde geskape en julle gemaak omdat op die aarde te lewe. So, vra dan nou vir Allah om vergifnis en keer dan tot Hom in berou. Waarlik, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is naby, gereed om te reageer.

62. Maar hulle het geantwoord: “Salih, ons het hoop gehad vir jou voordat jy nou begin het om daarop aanspraak te maak dat jy 'n Profeet is en vir ons begin vertel het dat ons moet ophou om afgode te aanbid. Vra jy nou van ons om nie dit te aanbid wat ons vaders aanbid het nie? Ons is nou heeltemal verward, verleë en in beskaamde vertwyfeling oor dit waarheen jy ons roep en wat jy van ons verwag.”

63. Toe sê Salih: “My Volk, sê vir my, wanneer ek op 'n duidelike weg is, en Hy, Homself genade aan my bewys het, wie sal my dan teen Allah kan help indien ek ongehoorsaam aan Hom sou wees. So, julle voeg niks waarde by my boodskap nie, net verlies.

64. En wat meer is, hierdie vroulike kameel wat van Allah af kom is 'n bewys vir julle. Los haar dat sy vryelik kan eet waar sy wil op die land wat in elk geval alles aan Allah behoort, en moenie eers aan haar raak met een of ander bose plan nie, tensy julle wil hê dat 'n straf wat sommer baie naby is, oor julle kom.”

Die inhoud van hierdie Hoofstuk, spesifiek vers 112 was so ontstellend en angswekkend dat dit die Profeet gryshare gegee het

65. Toe gaan die volk en hulle slag die kameel. Daarop het Salih gesê: “Geniet julleself in julle huise vir nog net drie dae. En hierdie is 'n belofte wat nie vals is nie.”

66. So, toe ons opdrag dan nou kom, het Ons vir Salih en diegene wat saam met hom geglo het, uit genade gered van die skande van daardie dag. Waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Sterke en Magtige, die Almagtige.

67. Diegene wat oortree het was oorval deur die harde Skreeugeluid, en hulle was dood aangetref in hulle huise, waar hulle net so op hulle knieë neergeval het,

68. so asof hulle nooit daar gewoon het nie. Let op! Die mense van Thamud het nie in hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer geglo nie. Let op! Die mense van Thamud is vervloek en sal nou en tot en met die oordeelsdag buite en sonder die genade van Allah wees.

Verse 69 tot 73 vertel die verhaal van hoe Allah deur engele vir Abraham die nuus van 'n geboorte in sy gesin gegee het

69. Verder het Ons boodskappers, die engele, het na Abraham toe gekom met goeie nuus en gesê: “Salaam: vrede.” waarop Abraham geantwoord het: “Salaam: vrede.” Daarop het Abraham op die daad 'n geroosterde kalf gereed gemaak vir die gaste omdat hy onder die indruk was dat dit mense was.

70. Toe Abraham egter opmerk dat hulle nie daarvan vat om te eet nie, was dit vir hom snaaks en het hy skrikkerig geword vir die vreemdelinge. Die engele sien dit toe en sê: “Moenie bang wees nie. Ons is gestuur na die mense van Lot om hulle te kom vernietig.”

71. Daarop het Abraham se vrou, wat daar naby gestaan het, gelag omdat sy verheug was dat die die mense wat baie korrupsie en ongeloof veroorsaak het, vernietig sou word. Daarom het Ons aan haar as beloning die goeie nuus gegee dat sy swanger sou raak met Isak waaruit Jakob later gebore sou word.

72. Maar sy het gesê: “Arme ek! Sal ek geboorte skenk aan 'n kind op my ouderdom en met hierdie man van my wat ook 'n ou man is? Dit is voorwaar baie vreemd vir my.”

73. Daarop het die engele vir haar gevra: “Is jy verbaas en verwonderd oor Allah se opdrag? Allah se genade en seëninge is met jou, en al die mense van jou huis. Waarlik, Hy is prysenswaardig, glorieryk.”

74. So, toe Abraham later nie meer so skrikkerig was nie en hy die goeie nuus gehoor het dat hulle 'n seun sou hê, het hy by Ons begin pleit vir die mense van Lot.

75. Waarlik, Abraham is verdraagsaam, baie boetvaardig en altyd besig om homself tot Allah te keer.

76. Ag Abraham! Los dit nou daar. Die opdrag van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is gegee en daar sal oor hulle 'n straf gekom wat nie omgekeer kan word nie.

77. Toe Ons afgevaardigdes, die engele by Lot aankom, het hy ongemaklik gevoel en baie gespanne in sy hart om hulle onthalwe, en gesê: “Hierdie is 'n baie harde dag.”

78. Daarna het van sy mense opgewonde by hom aangestorm gekom, wat in die gewoonte was om sondige dade te doen, en wat met alle geweld Lot se besoekers in die hande wou kry. Maar Lot het gesê: “Hier is van die dogters van my volk wat baie skoner en mooier vir julle sal wees as die manne waarna julle soek. Julle moet 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê en moenie skande oor my wil bring ten opsigte van my gaste nie. Is daar nie 'n enkel man onder julle wat nie sonde doen nie.”

79. Maar hulle het geantwoord: “Jy weet dat ons nie in dogters belangstel nie, en jy weet baie goed wat ons wil hê.”

80. Lot sê toe raadop: “As ek tog maar net die krag gehad het of as ek myself tog net kon beroep op hulp, om julle te oorweldig en namens my hele familie geweld aan te doen: dan sou ek darem van julle 'n voorbeeld gemaak het”

81. Toe sê die engele: “Lot, ons is afgevaardigdes, engele, van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Hierdie mense sal jou nooit enige leed kan aandoen nie. So, vat jou gesin en trek weg van hier af gedurende die nag. Maar niemand van julle mag omkyk wanneer julle eers aan die beweeg is nie, behalwe vir jou vrou, want sy moet oorkom wat met die sondige mense van hierdie plek gaan gebeur. En julle sal moet gou maak, want die afsnypunt vir die hierdie mense is in die oggend. En is dit nie al amper oggend nie?”

82. Toe ons opdrag dan nou ook kom, het ons die die hele plek omgekeer, die hoogste plekke het die laagste geword, en Ons het op dit klippe en harde klei laat neerreën,

83. met die name van almal wat daar was op die klippe. Mense wat daarop aandring om met hierdie skandelike dade voort te gaan, moet weet dat hierdie straf nie vêr van hulle af is nie.

Hoofstuk 11 Hud, boodskapper aan die mense van Ad / Surah Hud

Die inhoud van hierdie Hoofstuk, spesifiek vers 112 was so ontstellend en angswekkend dat dit die Profeet gryshare gegee het

Verse 84 tot 95 vertel die verhaal van Shuaib, die Boodskapper aan die mense van Midian wat ongelowiges en assosieerders was

84. En na Midian toe, 'n dorpie wat deur Midian die seun van Abraham gevestig was en as "Ma'an" in Jordanië geleë is, het Ons hulle broer Shuaib as Boodskapper gestuur. En Shuaib het gesê: "My volk, julle moet Allah aanbid. Hierdie bome wat julle so aanbid, is nie gode nie: julle het geen ander god as Allah nie. En moenie peuter met die mate en gewigte waarmee julle handel dryf, deurdat julle dit minder maak en so julle kopers benadeel nie. Julle is welaf, maar ek is namens julle bevrees vir die straf van 'n dag wat julle gaan omsingel.

85. My volk, stel reg daardie mate en gewigte en weeg dit wat julle koop en verkoop op 'n regverdige wyse sodat julle diegene wat met julle handel dryf nie verneuk nie. En staak die wanorde wat julle die land oor veroorsaak met julle struikrowery.

86. As julle waarlik gelowiges is sal julle verstaan dat die bietjie wins wat Allah julle toelaat om te maak nadat julle regverdig met julle kliënte handel gedryf het, is baie beter vir julle. En ek is nie as oppasser oor julle aangestel nie.

87. Maar die volk het hom met skimpe bestook en die gek geskeer met hom en ewe sarkasties gevra: "Shuaib, is dit jou Aanbidding wat jou beveel om al hierdie wilde stellings en bewerings te maak, dat ons dit wat ons vaders aanbid het sal opgee of ons vrye keuse om ons geld te spandeer soos ons wil?"

88. Shuaib het egter nie teruggekap nie en net weer mooi met hulle gepraat: "My Volk, sê vir my: as ek op 'n duidelike weg van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is, en as Hy, uit Homself vir my van goeie lewensmiddele voorsien het, moet ek julle dan net so los, soos julle word en julle nie reghelp nie? En ek wil nie in julle afwesigheid doen wat vir julle as verbode uitwys nie. Ek wil niks anders hê nie, as om dinge sover moontlik reg te stel. En my vermoë om dinge te doen kom van niemand anders as Allah af nie. In Hom alleen het ek my vertroue geplaas en na Hom alleen gaan ek in nederigheid as ek hulp nodig het.

89. Ag my Volk, moet tog nie dat julle vyandiggesindheid teenoor my veroorsaak dat julle gaan ly soos wat die mense van Noag gely het nie, of die mense van Hud, of die mense van Salih. En die mense van Lot was nie baie anders as julle nie.

90. Vra om vergifnis by julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en keer julleself tot Hom in berou. Waarlik my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is baie genadig, en mees liefdevol."

91. Baie omgekrap sê die volk toe: "Shuaib, ons verstaan meeste van wat jy sê glad nie, en om die waarheid te sê, beskou ons jou as 'n swakkeling tussen ons. As dit nie was vir die ondersteuning wat jy by jou familie het nie, het ons jou nou hier met klippe doodgegooi. Vir ons is jy nie iemand wat respek by ons afdwing nie."

92. Maar getrou aan die moed en ywer van 'n Profeet sê Shuaib toe: "Ag my Volk, het julle dan 'n groter respek vir my familie as vir Allah? En julle beskou Hom as iets wat julle agter julle kan neergooi, van vergeet en van kan wegstap. Waarlik my Skepper, Voorsiener en Onderhouer omvat alles wat julle doen."

93. My volk, doen dan nou maar alles wat julle kan en ek moet doen wat ek kan. Binnekort sal julle weet wie vernederend gestraf gaan word en wie vals is. En wag. Ek is soos julle, wagtend.

94. Toe Ons bevel dan ook kom, het Ons vir Shuaib en diegene wat saam met hom geglo het, uit genade gered. En diegene wat oortree het was oorval deur die grusaamste Skreeugeluid, en hulle was dood aangetref in hulle huise, waar hulle net so op hulle knieë neergeval het,

95. so asof hulle nooit daar gewoon het nie. Let op! Vervloek is Midian, soos Thamud, sal hulle van nou af tot en met die Oordeelsdag buite en sonder Allah se genade wees.

Verse 96 tot 99 verwys vlugtig na die verhaal van Moses, die Boodskapper aan die mense van Farao

96. Moses weer het Ons met 'n duidelike boodskap en bewyse,

97. na Farao en sy mense toe gestuur. Die mense het gekies om die opdragte van farao uit te voer, en die opdragte van Farao was nie reg nie.

98. Farao sal met die Oordeelsdag voor sy mense uitloop en hulle af, in die Vuur in lei. En dit is 'n slegte plek om in af te gaan.

99. En hulle is ook vervloek sodat hulle hier en tot en met die Oordeelsdag buite en sonder die genade van Allah sou wees. Dit is 'n slegte beloning om aangebied te word.

Die voorgenoemde verhale bevat lesse waaruit geleer moet word

100. Mohammed, hierdie is dan 'n paar van die verhale van die dorpe waarvan Ons jou vertel. Sommige van hierdie dorpe staan nog terwyl ander al heeltemal vernietig is.

Hoofstuk 11 Hud, boodskapper aan die mense van Ad / Surah Hud

Die inhoud van hierdie Hoofstuk, spesifiek vers 112 was so ontstellend en angswekkend dat dit die Profeet gryshare gegee het

Ongehoorsames verontreg hulleself

101. Ons het hierdie mense nie verontreg nie: inteendeel hulle het hulleself benadeel. Toe die bevel van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer gegee was, het hulle gode wat hulle naas Allah aangeroep het, dus nie enigsins tot hulle hulp gekom nie, inteendeel hulle gode het eerder bygedra tot hul vernietiging.

102. So dus lyk die straf van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer wanneer Hy die mense van dorpe vasvat terwyl hulle oortree. Waarlik wanneer hy mense vasvat is dit pynlik en erg.

Die genoemde gebeure dra lesse rakende die Hiernamaals

103. Hierin is 'n boodskap vir iemand wat bang is vir die straf van die Hiernamaals. Dit is 'n dag wanneer al die mense byeengebring sal wees, en daardie is 'n dag wat almal teenwoordig sal hê.

104. En Ons stel dit net vir 'n beperkte en vasgestelde tyd uit,

105. en die dag as dit kom sal niemand praat nie behalwe as Hy toestemming daartoe gee*. So, met die Oordeelsdag sal sommige mense in 'n ellendige, miserabele toestand wees en sommige geseënd en bly. (*K78:38)

106. Wat betref diegene wat ellendig en miserabel is, hulle sal in die Vuur wees. Vir hulle wag daar niks anders nie as net 'n geskree en 'n gehuil.

107. Hulle sal daar vir ewig bly, vir solank as wat die hemele en die aarde bestaan*, en dit is vir ewig, tensy jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer anders Wil. Waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer doen wat Hy Homself voorneem en wat Hy beplan om te doen. (*K14:48#)

108. Maar, wat betref diegene wat geseënd en bly is, hulle sal in die Paradys wees, waar hulle vir ewig sal woon, vir solank as wat die hemele en die aarde bestaan, en dit is vir ewig #, tensy jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer anders Wil, 'n beloning wat nooit kortgeknip sal word nie, 'n geskenk sonder einde.

109. So, moet dus nie onseker wees oor wat hierdie heidene en assosieerders aanbid nie. Hierdie assosieerders aanbid op geen ander manier nie as net maar soos wat hulle vaders vroeër aanbid het nie. En waarlik, Ons gaan hulle, hul volle deel daarvoor betaal: ons gaan hulle presies gee wat hulle verdien het, sonder enige afslag of korting.

110. Ons het vir Moses die Boek gegee, die Wet, en sommige het dit geglo en ander nie, so Mohammed moenie dink dat jou mense se geskille iets nuuts is nie. As dit nie was dat jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer reeds besluit het dat Hy hulle straf vir 'n bepaalde tyd uitstel nie, totdat die bewyse teen hulle onomwonde vasgestel is en hulle 'n Boodskapper aangehoor het nie*, sou die aangeleentheid lankal afgehandel gewees het. Maar, hulle is waarlik in 'n verwarde toestand en vertwyfeling oor die boodskap van die Koran wat die Boodskapper aan hulle gebring het. (*K17:15)

111. Aan almal wat op die Oordeelsdag voor Hom vergader is, sal jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer die volle betaling gee vir wat hulle met hulle dade verdien het. Waarlik Hy is Albewus van wat hulle doen.

Vers 112 is die middelpunt van suksesvolle Geloof

112. So, staan vas: moenie dat enigiets of enigiemand jou roer om die geringste van die Regte Weg af te wyk nie. Bly binne die Wil van Allah in alles wat julle doen en beleef, soos wat julle beveel is, jy en die gelowiges: hulle wat hulleself in berou tot Allah gekeer het. En moenie die gestelde perke oorskry nie, nie met minder nie en ook nie met meer nie. Waarlik, Allah is oplettend wat julle doen.

Moenie eers 'n klein bietjie afwyk nie

113. Wees baie versigtig in julle verhoudings met die oortreders omdat julle dalk self dan kan oortree. Moenie eers neig in hulle rigting nie, sodat die Vuur julle nie vang en julle dan niemand sal hê behalwe Allah wat julle kan help nie, en julle geen hulp sal ontvang nie.

Die Opdrag vir vier van die Aanbiddingstye

114. Maak 'n vaste instelling van julle Aanbidding aan beide kante van die dag, dit is die oggendgebed voor sonop en die laatmiddaggebed net voor, asook die gebede net na sononder en later in die aand, beide in die vroeë ure van die nag*. Waarlik goeie dade maak slegte dade ongedaan**. Hierdie is bedoel om diegene wat kennis geneem het van die leiding en raad in die Koran daaraan te herinner. (*Die middaguurgebed word beveel in K17:78) (**K4:31)

115. Wees geduldig en selfbeheersd, en hou net dag na dag aan om die goeie te doen, want Allah laat nie die beloning van diegene wat goed doen, verlore gaan nie.

Die inhoud van hierdie Hoofstuk, spesifiek vers 112 was so ontstellend en angswekkend dat dit die Profeet gryshare gegee het

116. Hoekom dan is dit dat daar niemand onder die geslagte voor jou was, wat 'n klein bietjie wysheid oorgehou het om daarmee mense daarvan te weerhou om wanorde in die land te saai nie, behalwe nou vir 'n paar van hulle wat ons gered het? Die oortreders het die luukshede waarin hulle betrokke was nagejaag, en sondaars geword.

117. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is nie so dat Hy die dorp onregverdig sal laat vernietig, terwyl die inwoners eintlik goed is in hul lewenswyse en wat hulle doen nie.

118. Indien Allah sou wou, kon Hy alle mense een gemeenskap gemaak het. Maar, hulle sal voortgaan ten opsigte van hul verskille,

119. behalwe nou vir diegene wat Allah met genade geseën het. Dit is waarvoor Allah hulle geskape het. En die Woord van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is volmaak wat sê: “Ek gaan verseker die Hel volmaak met die Jin en met mense, almal saam.”

120. Ons vertel aan jou alles van die gebeure van die boodskappers en versterk jou hart daarmee. Daarmee het jy dan ook kennis geneem van die waarheid, en gee Ons ook goeie raad aan die gelowiges en herinner ons hulle aan wat hulle nie moet vergeet nie.

121. Sê aan die ongelowiges: “Doen dan maar wat julle glo is reg, ons sal doen wat ons glo is reg.

122. Wag dan maar. Ons wag ook.”

123. Mohammed, aan Allah behoort die geheime van die hemele en die aarde, en na Hom toe sal die hele aangeleentheid teruggebring word vir finale besluitneming en finale beloning. So, aanbid Hom en plaas jou vertroue in Hom. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is nie onbewus van hulle leuens oor jou nie.

O my Allah, help my ook om vas te staan in my geloofslewe as 'n Moslem en leer my om elke dag meer en meer te verstaan en te word wat U wil hê dat ek sal wees as U dienskneg en wat dit behels om nie in die geringste af te wyk nie.

Amen.